# Inleidende opmerkings oor "sondige verskeurdheid"

A D PONT
Voorsitter Kerkhistoriese Genootskap

Daar bestaan binne die breë verband van die Afrikanervolk drie Afrikaanssprekende kerklike organisasies afgesien van sektariese groepe en groeperings. Dié drie Afrikaanse kerke, dikwels in die volksmond aangedui as "die drie susterkerke" deel nie alleen bande van 'n gemeenskaplike belydenisgrondslag nie, maar ook tot minstens 1837 'n gemeenskaplike historiese agtergrond, afgesien van die bande van fisiese herkoms en bloedverwantskap en die gemeenskaplike moedertaal.

In ons tyd waar baie klem gelê word op die organisatoriese eenheid van die kerk en waar die Wêreldraad van Kerke so 'n internasionale organisatoriese eenheid wil probeer bewerkstellig; in 'n tyd waar die Roomse kerk sy organisatoriese eenheid onderstreep, is die saak van 'n organisatoriese eenwording van die drie Afrikaanse kerke al meerdere male na vore gebring. Op verskeie vlakke en vanuit talle motiewe word oor hierdie aangeleentheid gehandel.

Hierin is ons tyd nie nuut nie. Reeds in 1879 het ds H S Bosman, destyds predikant van 'n Hervormde gemeente, op 'n Algemene Kerkvergadering 'n voorstel ingedien dat die Ned. Hervormde Kerk met die, in 1865- gestigte Ned Gereformeerde Kerk, moet verenig. In 1885 het 'n verenigde kerk tot stand gekom, grotendeels vanuit die gedagte wat na die oorlog van 1880–1881 geloods is dat daar in die ou Zuid-Afrikaansche Republiek 'n sterk verenigde kerk in 'n verenigde volk moet wees. Dáárdie verenigingspoging van 1885 wat deur die Hooggeregshof in 1893 as *ultra vires* en daarom nietig verklaar is, het die organisatoriese eenwordingsideaal 'n skerp knou gegee. Hoewel van tyd tot tyd, na 1902, weer in dié rigting gepraat is, is dit eers weer gedurende die laaste dekades dat daar met klem oor dié saak gepraat word. Die opvallende is dat veral vanuit die Ned. Gereformeerde Kerk nogal graag verwys word na "die sondige verskeurdheid" van die drie Afrikaanssprekende "susterkerke." Die bedoeling is waarskynlik om 'n dwingende argument op te werp waarom die drie Afrikaanse "susterkerke" organisatories een moet word. Die eenwordingsideaal word nie alleen ten opsigte van die "susterkerke" gepropageer nie maar, ná die aanvaarding van die sogenaamde Landmanverslag deur die Ned. Gereformeerde Nasionale Sinode, word die ideaal nou ook gestel dat daar organisatoriese eenwording moet kom van die Ned. Gereformeerde "moeder" – en "dogter"-kerke.

Vanweë die feit dat die bestaan van die drie Afrikaanse "susterkerke" as 'n "sondige verskeurdheid" aangedui is én vanweë die stilswygende veronderstelling dat ook die Ned. Hervormde Kerk uit dié "sondige verskeurdheid" moet terugkeer na die Ned. Gereformeerde "moederkerk," het die *Kerkhistoriese Genootskap* gevoel dat dit van belang kan wees indien daar historiese navorsing gedoen sou word oor die wordingsgeskiedenis van die organisatoriese uiteengaan van die drie Afrikaanse "susterkerke." Om daardie navorsing te stimuleer én as 'n terreinverkenning van hierdie problematiek is op 14 Februarie 1977 'n kongres van die Genootskap te Pretoria gehou. Hier is voordragte gehou oor dié problematiek soos dit ontstaan het in die jare 1853, 1859, 1865/6 en 1885. Hoewel hierdie voordragte waarskynlik nié die spreekwoordelike laaste woord oor hierdie aangeleentheid sal wees nie, bestaan die hoop dat hierdie uiteensetting sal bydra tot 'n beter historiese begrip van die Afrikaanse kerklike situasie. Terselfdertyd werp dit tog lig op die vraag of hier inderdaad van "sondige verskeurdheid" gepraat kan word.

Indien hierdie kongres kon bydra om die feitlike historiese gegewens wéér na vore te bring en die stem van die verlede weer in die hede te laat hoor, dan is die referente én die Genootskap self ryklik vir hulle moeite beloon.